LIMOUSIN
SOUTH AFRICA
MUCH MORE

TELER FOKUS Breeder Focus

Bekendstelling van die teler vir Februarie:

Angels Limousin is geleë in die Noordelike deel van die Vrystaat, tussen Oranjeville en Frankfort. My pa het altyd Limousin bloed in sy kruisras kuddes gebruik. Ek was 16 toe ek in 2018 geregistreer het as 'n stoetteler nadat my pa vir my drie dragtige stoetkoeie gekoop het. 'n Mens sou dink mooi rokke of skoene is wat 'n jong meisie se hart laat vinniger klop, maar toe ek die nuus gekry het dat ek nou my eerste, eie, Limousins het, was ek omtrent in die wolke! Ons is tans drie vennote: Angelique, Edihan en Karien, en het vandag 'n totaal van 65 diere. Die eerste bul wat ons gekoop het, is eers in Augustus 2019 by ons plaas, Braklaagte verwelkom. Ons het voor dit 'n bietjie gebruik gemaak van KI en ons het van ons koeie laat dek. Omdat ek die eerste en enigste een was wat met Limousins begin het, het ek dit goed gedink om dit na my naam te vernoem. Angelique het toe Angels Limousin geword. Ons het dit in 2020 reggekry om 'n Volledigheid van prestasie ster toekenning van 4.5 te ontvang.

1. Hoe en waarom het u met Limousins begin?

Ek het as kind, altyd saam met my pa na sy beeste toe gegaan. As hulle sy beeste doseer het, of in die kraal gehad het, sou ek dit altyd vir hom duidelik maak watter kalfies my gunsteling was. Hy het dan so met die tyd, al my uitgesoekte kalfies (wat meestal versies was) met my eie oortags getag. Ek het met die jare meer en meer beeste bymekaar gemaak, maar nooit enige verkope gewaar nie. Ek kon ook nooit my beeste se kalwers identifiseer nie en het dan basies net die gehad wat ek uitgekies het, minus hulle kalfies. Toe ek ouer geword het, het ek vir my pa gevra of ek nie al my beeste aan hom kan "terug verkoop" nie, dan kan hy liewers vir my, my eie suiwerras beeste koop, wat ek maklik kan identifiseer en die beste kontrole van kan hê. Ek het 'n jaar of wat rondgekyk na verskillende rasse en op die ou end besluit dat Limousins vir my is. Hulle was vir my besonders oor hulle groeitempo, temperament, unieke wit skakerings en natuurlik: hulle ronde boude!

Ek het in 2018 vir my ouers gesê dat hulle na een van die Limousin veiling toe moet gaan om te kyk of hulle ook dink ek maak die regte besluit (Ek kon nie saam gaan nie want ek was nog op skool). Dit was tweede pouse toe my ma my bel en my vertel dat my pa vir my drie dragtige stoet koeie gekoop het. Op daardie oomblik was ek omtrent verras, maar soos julle weet, dis net Limousin liefhebbers wat sal verstaan hoe ek gevoel het. My oorspronklike plan was nie om stoet te gaan nie, maar hier is ek nou!

2. Hoe lank is u in die Limousin-bedryf?

Sedert April 2018. Ek het nadat ek my koeie gekry het besluit om stoet te bly. Dit was heeltemal nuut vir my gewees en ek het ongelooflik baie geleer. Ek weet dat die kommersiële telers speenkalwers soek wat vinnig groei en ek het met daardie resep in my hande gesit. Ons gaan nou vir jaar 3 in die Limousin-bedryf, en ek kan met eerlikheid sê dat ek verseker die regte besluit geneem het!

3. Kruis u die Limousins in, indien wel, met watter ras, en watter voordeel het die Limousins op hierdie kruisras?

Ek teel nie self die Limousins in nie, maar my pa het my eerste Limousin bul wat ek groot gemaak het by my gekoop. Hy het hom by Bonsmare koeie gesit waar sy kalfies seker oor so 5 maande gaan begin val.

4. Watter voordeel, volgens U het die Limousins bo ander rasse?

Die Limousins het van die begin af vir my uitgestaan as ‘n ras met ‘n uitstekende groei-tempo, uitslag-persentasies en ‘n pragtige temperament. Buiten hierdie aspekte is die Limousins as ras net baie mooi. Mens sou hulle as “Rose-gold” kan beskryf . Limousins is beeste wat perfek werk om swaar speenkalwers te speen in ‘n kruisras-kudde bedryf. Dit is ekonomies die beter opsie.

5. Skuif u vee van veld tot veld? Hoe gereeld?

Ja. Ons skuif ons beeste so elke 3 tot 4 maande na ‘n ander kamp toe. Op hierdie stadium werk ons met twee groot kampe vir ons groot beeste, maar sal op ‘n later stadium die kampe weer verdeel en hulle nog meer gereeld van kampe laat verwissel. Ek dink dis ‘n goeie manier om siektes te verminder en om kampe te laat rus. Dis ook makliker om jou diere te tel en te monitor wanneer hulle in ‘n kleiner plekkie is.

6. Watter aanvullings ontvang u beeste?

Ons beeste ontvang fosfaat lek en soutblokke in die somer en ‘n proteïen lek in die winter. As daar moeilike winter maande opduik, sal ons ons beeste ‘n mengsel gee wat mielie grys, SB100 en lusern bevat. Hierdie aanvulling gee ons dan een maal per dag terwyl hulle steeds op die veld loop as die kos baie skaars is. Wanneer hulle in die mielie-reste loop in die winter, sal hulle slegs hulle proteïen lek by kry.

7. Wat dink U is die Uitdagings van vleis beesboerdery in Suid-Afrika?

Vleis beesboerdery het maar sy uitdagings omdat jy as teler aan die aanvraag moet verskaf. Nie alle mense het dieselfde prentjie in hulle kop nie, jou idee van ‘n perfekte dier is nie noodwendig die persoon langs jou se siening nie. Ek sou sê dis in so geval ‘n goeie ding om ‘n verskeidenheid diere te hê wat jy aan die koper kan verskaf. Elke persoon sal ander eienskappe raaksien. Een sien goeie groeitempo, die ander goeie melk syfers, die ander ‘n hoë vrugbaarheid, en so gaan ons aan. As vleis beesboer wil mens graag al die goeie eienskappe verskaf sodat jy die kommersiële teler tevrede kan stel met jou bul wat jy verseker mee kan sê: Hierdie dier gaan VLEIS teel. Buiten dit, gaan die debat steeds voort of die mark tussenweefselvet, witvet of geel vet, of geen vet wil hê nie.

8. Word u diere met gras gevoer? Word hulle iets anders as gras en hooi gevoer? Hoeveel hooi? Waar kry jy u hooi? Word dit gekweek sonder kunsmis, plaagdoders en onkruiddoders?

In die somer loop ons Limousins op die veld waar daar ‘n kombinasie van smutsvinger en soetgrasse is. Ons het ‘n paar kampies by die huis wat Eragrostis (PUK 436) geplant is wat ons jaarliks bemes en dan sny en baal en gebruik vir ons vee in die winter. Hulle kry in die winter, wanneer hulle nog nie mieliereste toe is nie, dan hierdie Eragrostis gras bale. Verder kry hulle aanvullers soos proteïen en fosfaat lekke asook sout soos genoem.

9. Enige raad aan nuwe telers?

Ek het begin as iemand wat net geweet het beeste moet gedokter word vir bosluise, hulle moet getag word, gebrandmerk word, kalwers moet gespeen word en dat alge en tulp soms kan giftig wees, of dis in kort opgesom wat ék geweet het.

Vandag kan ek sê ek het eintlik maar net ‘n druppel in die emmer geweet. Alhoewel dit baie arbeids-intensief is om kalfies op sekere datums te weeg, seer ogies te dokter, boek te hou van alles ens., weet ek ten minste baie meer as wat ek geweet het, maar steeds is my kennis beperk, en leer ek nog op ‘n gereëlde basis. Dis baie interessant om te weet waarom doen ‘n mens al hierdie goed en waarvoor gebruik ‘n mens dit alles op die einde van die dag. Ek moet krediet aan Derick le Roux gee wat altyd bereid is om my raad te gee en om my kennis uit te brei. Dus, iets wat ek sou sê belangrik is, is om goeie basiese medisyne-kennis op te doen. Dis goed om te weet hoe om jou basiese siektes te behandel of om dit te identifiseer. Bou dus ook ‘n goeie verhouding met jou veearts. Wees eerlik en opreg. Wees altyd bereid om te leer. Weet dat jou geluk en sukses nie net van jou afhang nie, maar ook van ons Hemelse Vader. Op hierdie manier sal jy ook ‘n sukses van jou boerdery kan maak. Maak vriende wat in die selfde bedryf is waarby jy ook kan leer. Onthou almal moet iewers begin.